# Muskiete jag

Jou vagebond, wag, ek sal jou kry,
Van jou sal net 'n bloedkol bly
  Hier op my kamermure.
Deur jou vervloekte gonsery,
Deur jou gebyt en plagery
  Kon ek nie slaap vir ure.

Mag ek my voorstel, eer ons skei,
Eer jy die doodslag van my kry –
  My naam is Van der Merwe.
Muskiet, wees maar nie treurig nie,
Wees ook nie so kieskeurig nie,
  Jy moet tog éèndag sterwe.

Verwekker van malaria,
Sing maar jou laaste aria –
  Nog een minuut vir grasie
Al soebat jy nou nóg so lang,
Al sê jy ook: ek is nie bang,
  Nooit sien jy weer jou nasie…

Hoe sedig sit hy, O, die kreng!
Sy kinders kan maar kranse breng,
  Nóu gaan die vabond sterwe…
Padoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dòòd sal hy, sowaar, ek sweer –
  My naam is Van der Merwe!

Digter: A.D. Keet, 1888-1972
Jaar: 1920

Bron: Gedigte. uitgawe Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1e druk 1920, 2e druk 1925. In Gerrit Komrij, De Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten. Uitgeverij Bert Bakker, Amsterrdam 1999, p. 315.

Ekstra inligting:

op internet, youtube van stichtingdibana, gelees:
https://www.youtube.com/watch?v=jur4kadba6U
As a lied gebring: https://www.youtube.com/watch?v=aS2ITFHZKl4